**Wie is Jesus? (OP222)**

**Joh 7:25-52**

**1 Junie 2025**

Laasweek het ons begin om Joh 7 te bestudeer. Ons het opgelet hoeveel verskillende opinies daar oor die Here Jesus was gedurende die tyd van die loofhuttefees. Die Here Jesus se lering het ons insig gegee oor hoekom dit die geval was. Hy het geleer Hy kom van die Vader af, en Hy is in alles gehoorsaam aan Sy Vader, Hy tree nie uit Sy eie op nie. Daarom doen Hy net wat die Vader wil en ook net op die tyd wat die Vader dit wil. Boonop het die Here Jesus geleer dat daar mense is wat kan getuig dit is waar. Hierdie mense is die gelowiges, want hulle is deur die Here God onderrig, en kan daarom onderskei dat die Here Jesus nie uit Sy eie optree nie. Ongelowiges kan dit nie raaksien nie, want hulle ken nie die Here Jesus nie. Hulle opinies oor Hom is bloot spekulasie sonder enige basis. Die resultaat hiervan is die verskeidenheid uiteenlopende opinies oor die Here Jesus, wat ons selfs vandag nog rondom ons sien.

Vandag wil ek die res van Joh 7 oordink. As jy deur die gedeelte lees, kom jy vinnig agter ons het hier ‘n voortsetting van die geskarrel om te verstaan wie die Here Jesus is. Daar is ‘n verskeidenheid van opinies van die Jode wat in Jerusalem by die loofhuttefees was oor wie die Here Jesus is. Daar is ook die opinies van die leierpriesters en die Fariseërs, d.w.s. die Joodse leiers. Ons lees ook van die opinie van die tempelwag, en later lees ons selfs van die opinie van Nikodemus. Onthou, Nikodemus was daardie Fariseër waarvan ons in Joh 3 gelees het. Hy het in die nag na die Here Jesus gekom, en moes van die Here Jesus hoor hy het nodig om weer gebore te word. Uit hierdie gedeelte lyk dit of Nikodemus se opinie geskuif het sedertdien. En boonop lees ons ook verskeie kere van die Here Jesus se opinie.

En tog, uit al hierdie opinies leer ons baie oor wie die Here Jesus is, en ons leer ook baie oor Sy werk. En terselfdertyd sien ons ook baie ironie in die gebeure soos wat hulle ontvou. En jy kan nie anders nie, as om die gevolgtrekking te maak dat die Here God soewerein in beheer is van alles wat hier gebeur. Hy is selfs in beheer van daardie mense wat nie werklik weet wie die Here Jesus is nie, en Hy gebruik hulle om ons te leer.

Ek wil dit alles bespreek deur sistematies deur die gebeure te werk in die volgorde wat hulle beskryf word. Ek hoop dat dit duidelik sal word daar is sinvolle ontwikkeling in al die gebeure. Ek wil ook die ironie uitlig van sekere ontwikkelings in die gebeure. En natuurlik moet ons in dit alles kennis neem van wat ons van die Here Jesus leer. Vir die doel gaan ek die gebeure opbreek in 9 verskillende insidente wat ons chronologies gaan bespreek:

1. <u>Is die Here Jesus dalk die Christus? (Joh 7:25-26)</u>

Lees verse 25-26. In die vorige verse het die Here Jesus die Jode gekonfronteer dat hulle hulle op die wet van Moses beroem terwyl hulle nie die wet onderhou nie. Hy het ook aan hulle uitgewys dat hulle nie die vermoë het om Sy optrede toe Hy die verlamde man by die bad van Betesda op die sabbatdag genees het, regverdig te beoordeel nie. Hulle wou Hom hieroor doodmaak – terwyl dit ‘n oortreding is van die wet van Moses. En tog, ten spyte van die Here Jesus se openlike konfrontasie, sê die leiers niks nie. Al wou hulle Hom doodmaak, al het Hy hulle sopas openlik aangekla, sê hulle niks. Dit laat die inwoners van Jerusalem wonder: Het hulle leiers nie dalk intussen tot die oortuiging gekom dat die Here Jesus werklik die Christus is nie? Tot dusver was die leiers gekant teen die Here Jesus en dit was duidelik dat hulle oortuig was dat Hy nie die Christus is nie. Maar hierdie stilswye van die leiers laat die inwoners van Jerusalem wonder.

2. <u>Die herkoms van die Here Jesus (Joh 7:27-29)</u>

Lees vers 27. Die inwoners van Jerusalem redeneer nou verder. Hulle redeneer hulle weet waarvan die Here Jesus kom – immers is dit algemeen bekend dat Hy saam met sy ouers en broers in Galilea woon. En dit skep nou 'n probleem: Hulle was oortuig dat wanneer die Christus kom, sal Hy skielik op die toneel verskyn en dit sal direk duidelik wees dat Hy die Christus is. Ja, dit is so dat dit ook algemeen bekend was dat die Christus in Betlehem in Judea gebore sou word – kyk maar net na Mat 2:4-6 waar die Joodse leiers aan Herodes verduidelik het dat Hy in Bethlehem in Judea gebore sou word toe die sterrekykers uit die Ooste daarna gevra het. Maar nogtans was daar by die Jode die verwagting dat Sy koms soortgelyk sal wees aan die wederkoms van die Here Jesus: In Mat 24:26-27 leer die Here Jesus dat Hy weer sal kom soos 'n weerlig wat uitslaan van die ooste tot die weste – d.w.s. die hele wêreld sal weet. Die verwagting was dat wanneer die Christus kom, sal dit direk duidelik wees aan almal dat Hy die Christus is. Maar dit is nie nou die situasie nie: Nee, dit is nou 'n geredeneer of Hy die Christus is of nie. En boonop weet hulle Hy kom van Galilea af. Dit pas net nie in by hulle verwagting nie. So, redeneer hulle, miskien is Hy tog nie die Christus nie.

Lees verse 28-29. In hierdie verse gee die Here Jesus Sy antwoord op hulle redenasie. Hy gee toe dat die Jode Hom ken, en dat hulle weet waar Hy vandaan kom. Hiermee bedoel Hy dat hulle weet Hy is die seun van Maria, en hulle weet dat Sy gesin op hierdie stadium in Galilea woon, en dat Hy sopas van daar af Jerusalem toe gekom het. In 'n sekere sin ken hulle Hom. Maar daar is 'n ander sin waarin hulle Hom glad nie ken nie: In werklikheid kom Hy nie van Galilea af nie, nee, Hy kom van die Een af wat Hom gestuur het, m.a.w. Hy kom van God die Vader af. Hy het nie uit Sy eie gekom nie, nee, Hy het gekom omdat Hy deur God die Vader gestuur is. Boonop leer die Here Jesus dat Sy Vader geloofwaardig is. Laasweek het ons in vers 18 geleer dat die Here Jesus geloofwaardig is. Beide die Vader en die Seun is geloofwaardig. Hulle werk saam. Die Seun glo die Vader se doel met Hom, en die Vader glo die Seun sal dit getrou uitvoer. Omdat die Seun van die Vader af kom, ken Hy die Vader. Hy weet wat die Vader wil, en Hy doen wat die Vader wil. Die probleem vir die Jode in Jerusalem is dat hulle Hom nie op hierdie manier ken nie. Hulle ken Hom net as die seun van Maria uit Galilea. Maar ten diepste is Hy die Seun van God wat uit die hemel gekom het. Hiervan weet hulle niks – en die probleem is hulle ken nie werklik die Vader nie. Onthou wat ons vroeër geleer het: om werklik die Here te kan ken, moet iemand deur die Here onderrig word. En sopas het die Here Jesus aan hulle gewys dit is nie waar van hulle nie. Daarom ken hulle nie die Vader nie, en daarom ken hulle Hom ook nie werklik nie. Hulle ken Hom hoogstens oppervlakkig en net as mens.

Hier is 'n eerste element van ironie: Die Jode ken die Here Jesus en hulle weet waar Hy vandaan kom. Maar dit is ironies dat hulle terselfdertyd Hom nie ken en nie begryp waar Hy werklik vandaan kom nie.

En tog leer ons baie oor die Here Jesus uit die Here Jesus se woorde: Ons leer Hy is deur die Vader gestuur. Ons leer Hy kom dus van die Vader af. Die implikasie is Hy ken die Vader. Beide Hy en die Vader is geloofwaardig – ons kan glo wat Hulle ons leer. Ons leer die Here Jesus is meer as die seun van Maria – Hy is die Seun van God, by implikasie is Hy self ook God. Die besware van die Jode dat Hy nie die Christus kan wees nie omdat hulle weet waar Hy vandaan kom, is dus ongegrond, want hulle verstaan nie waar Hy werklik vandaan kom nie.

3. <u>Van die Jode wil die Here Jesus arresteer (Joh 7:30-31)</u>

Lees verse 30-31. Natuurlik glo nie almal wat die Here Jesus sopas gesê het nie, met die gevolg dat daar van die Jode was wat Hom wou arresteer. Volgens hulle is die dinge wat Hy leer verregaande, en selfs godslasterlik. Daarom wil hulle Hom arresteer. Ironies genoeg, gebeur dit nie: hulle arresteer

Hom nie. En die rede hiervoor is eenvoudig: Hulle kan nie, want dit is nog nie Sy uur nie – dit is nog nie die deur God-bepaalde tyd vir Sy arrestasie nie. Nog meer ironies, al wil sommige Hom arresteer, is daar ander wat al meer oortuig is Hy is wel die Christus en wat selfs in Hom begin glo. Hulle motivering is: Hy doen net eenvoudig te veel tekens om nie die Christus te wees nie. Ons kan hulle motivering kritiseer as nie diepgaande genoeg nie, maar dit bly ironies dat mense dieselfde Persoon so verskillend beoordeel.

Wat leer ons van die Here Jesus in hierdie verse? Ons leer dat Hy wel eventueel gearresteer sal word – nie nou nie, maar wel later wanneer dit wel Sy uur is. En soos ons laasweek gesien het, is daardie uur die tyd wanneer Hy gekruisig sal word, sterf, opstaan en opvaar hemel toe. Maar sien jy die ironie? Twee opinies: Óf Hy is die Christus en moet daarom nie gearresteer word nie. Óf Hy is nie die Christus nie en moet daarom wel gearresteer word. Die ironie is dat wanneer Sy uur kom, sal Hy gearresteer word, en dit is juis Sy arrestasie wat sal lei daartoe dat Hy Sy rol as die Christus sal vervul.

4. <u>Die Joodse leiers wil die Here Jesus arresteer (Joh 7:32-34)</u>

Lees vers 32. Ons het sopas gesien dat die Jode nie die Here Jesus kon arresteer nie. Intussen het die Joodse leiers kennis geneem van die redenasies wat onder die volk besig was om plaas te vind. Hulle het besef hulle sal moet optree voordat die situasie heeltemal hand-uit ruk. En die gevolg is dat hulle ook besluit om Hom te arresteer. Wat in hulle guns tel is dat hulle darem in 'n posisie van gesag is, en hulle het boonop die tempelwag wat hulle kan gebruik. Die tempelwag het die gesag om sulke handelinge te kan uitvoer in opdrag van die leiers. Hulle is darem in 'n beter posisie as lede van die volk om die Here Jesus te kan arresteer. Die leiers stuur dus die tempelwag om die arrestasie uit te voer.

Lees verse 33-34. Die Here Jesus reageer egter op hierdie nuutste poging tot arrestasie. Hy sê aan hulle dat Hy net nog 'n kort rukkie by hulle gaan wees – m.a.w. as hulle Hom wil arresteer sal hulle moet opskud, want Hy is nog net 'n kort rukkie by hulle. Na die kort rukkie gaan Hy terug na die Een wat Hom gestuur het, m.a.w. Hy gaan terug na God die Vader toe, m.a.w. Hy gaan hemel toe. Die gevolg hiervan is dat hulle Hom dan sal soek, maar hulle sal Hom nie vind nie – immers is Hy dan in die hemel by Sy Vader. En boonop kan hulle ook nie soontoe kom nie.

Maar let weereens op die ironie: Hulle stuur die tempelwag met gesag om Hom te arresteer, hopende dat dit Sy einde sal beteken en dat hulle dan van Hom ontslae sal wees. Ons weet, alhoewel hulle Hom nie nou gearresteer het nie, sou dit wel 'n bietjie later gebeur. Ironies genoeg, was dit juis hulle latere arrestasie van Hom, wat nie tot gevolg gehad het dat hulle ontslae geraak het van Hom nie, maar eerder dat Hy gesterf het, opgestaan het en toe weggegaan het hemel toe na die Een wat Hom gestuur het. Soos wat ons netnou sal sien, beteken dit egter glad nie die einde van hulle probleme met Hom nie, maar dit beteken wel dat Hy dan op 'n plek is waar hulle eenvoudig nie kan kom nie. Dit was juis hulle latere arrestasie van Hom wat nie Sy einde beteken het nie, maar wat wel tot gevolg gehad het dat Hy heeltemal onaantasbaar geword het vir hulle.

En dit is juis wat ons hier van die Here Jesus leer: Na die afhandeling van Sy verlossingswerk hier op aarde sal Hy opvaar na die Vader toe, en daar sal Hy in 'n onaantasbare posisie sit. Sy vyande sal dan geen bedreiging meer vir Hom inhou nie: Enersyds omdat Hy hulle in die proses oorwin het, en andersyds omdat hulle eenvoudig nie kan kom waar Hy is nie.

5. <u>Die Jode wonder waarheen die Here Jesus beplan om te gaan (Joh 7:35-36)</u>

Lees verse 35-36. Die Jode het probeer sin maak uit wat die Here Jesus gesê het. Hulle het gewonder oor waarheen Hy beplan het om te gaan, en hoe dit moontlik kan wees dat Hy na 'n plek toe sal gaan waar hulle Hom nie kan vind nie. Weereens het hulle glad nie verstaan wat Hy bedoel het dat Hy na die Een toe gaan wat Hom gestuur het nie. Die beste interpretasie van Sy stelling waarmee hulle vorendag kon kom, was dat Hy bedoel het Hy sal binnekort uit die land Palestina gaan, en dan sal Hy na die Jode in die Diaspora gaan, m.a.w. Hy sal gaan na die Jode wat verstrooid woon in ander lande. Hulle het gedink Hy sou moontlik hierdie Jode wou gaan leer, en ook terselfdertyd dalk die Grieke onder wie hierdie Jode gewoon het.

Weereens is die ironie van hierdie denke van die Jode opvallend: Onthou, Jesus het gesê Hy gaan binnekort weg deurdat Hy teruggaan na Sy Vader in die hemel. Natuurlik het dit plaasgevind met Sy hemelvaart. Onthou nou wat was die opdrag van die Here Jesus met Sy hemelvaart: "Gaan maak dissipels van al die nasies" (Mat 28:19) of "Wees My getuies in Jerusalem, die hele Judea, Samaria en tot aan die einde van die aarde". Sien jy dit? Toe die Here Jesus gesê het Hy gaan binnekort weg, het die Jode gedink Hy bedoel Hy gaan weg om die Jode in verstrooiing en die Grieke te gaan leer. Toe die Here Jesus wel weggaan hemel toe, stuur Hy Sy dissipels om presies dit te gaan doen. Onwetend het die Jode verwag Sy weggaan sal saamval met die verspreiding van die evangelie. Hulle het gedink Hy sou dit self doen. Wel, die Here Jesus sou dit nie Self gaan doen nie, maar let nou op wat gebeur volgende.

6. <u>Die Here Jesus se belofte van lewende water (Joh 7:37-39)</u>

Lees verse 37-39. Uit vers 37 blyk dit dat dit nou die laaste dag van die loofhuttefees was. Op hierdie dag het die Here Jesus uitgeroep en gesê: "As iemand dors het, laat hy na My kom, en drink!" Natuurlik het die Here Jesus hiermee bedoel dat Hy die persoon se dors kan les. Natuurlik is dit in lyn met wat die Here Jesus in Joh 4:10 destyds aan die Samaritaanse vrou geleer het. Hy het vir haar gesê Hy kan aan haar lewende water gee. Hierdie water kan werklik haar dors les – sy sal nie weer dors kry nie. Dit is in lyn met wat die Here Jesus nou op die laaste dag van die fees sê: Hy kan die dors les van die wat dors is.

Maar let op wat vers 39 sê: Hierdie water wat elkeen ontvang wat dors na die Here Jesus kom, verwys na die Heilige Gees. Hierdie persone sal elkeen dus die Heilige Gees ontvang. Dit klop tog met wat ons tot dusver in Johannes geleer het: Dit is die Heilige Gees wat in 'n persoon die wedergeboorte moet werk, dit is die Heilige Gees wat in die persoon geloof werk, dit is die Heilige Gees wat op die persoon se nuwe hart die wet van die Here skryf. Hierdie lewende water wat die Here Jesus gee, is die Heilige Gees. Natuurlik is dit in lyn met wat ons in Joh 4:13-14 gelees het. Daar het ons gelees dat die lewende water wat die Here Jesus vir iemand gee, in daardie persoon 'n fontein word wat opborrel tot die ewige lewe. Daar is dus groot persoonlike waarde vir die dors individu – hy ontvang self die ewige lewe as 'n resultaat van die Heilige Gees se opborreling in hom.

In vers 38 voeg die Here Jesus by dat diegene wat in Hom glo, d.w.s. diegene wat dors na Hom toe gekom het en vir wie Hy laat drink het van die lewende water, nog iets sal belewe: Strome lewende water sal ook uit hulle binneste vloei. Dit borrel nie net op binne hulleself tot die ewige lewe nie, nee dit sal ook uit hulle binneste vloei. Die Here Jesus sê dit is wat die Skrif sê. Dit mag wees dat Hy verwys het na tekste soos Jes 44:3 waar die Here beloof het Hy sal water uitgiet op die dorre aarde of Sag 14:8 waar daar staan dat daar in daardie tyd water uit Jerusalem sal vloei.

As strome lewende water ook uit die persoon vloei, beteken dit so 'n persoon word 'n bron van lewende water. Lewende water vloei ook vanuit hierdie persoon na ander mense.

Vers 39 voeg by dat die Heilige Gees op daardie stadium nog nie daar was nie, want die Here Jesus was nog nie verheerlik nie. Ons verstaan dit verwys na die feit dat die Heilige Gees eers uitgestort is na die hemelvaart van die Here Jesus. Maar let nou op na wat die Here Jesus in Hand 1:8 met Sy hemelvaart vir die dissipels gesê het: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle moet My getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde." Die dissipels moes wag vir die uitstorting van die Heilige Gees voordat hulle dissipels van al die nasies moes gaan maak. Eers na die uitstorting van die Heilige Gees het hulle bronne van lewende water geword wat uit hulle uitgevloei het na al die ander nasies toe wat hulle moes gaan leer.

Kom ons keer nou terug na Joh 7 se argument. Ons het gesien die Here Jesus het gesê Hy gaan binnekort weg – Hy gaan weer na Sy Vader toe, Hy verwys dus na Sy hemelvaart. Die Jode verstaan dit egter nie – hulle dink Hy bedoel Hy gaan na die Jode in die verstrooiing en ook na die Grieke toe. Hulle dink Hy bedoel as Hy weggaan sal Hy gaan om hierdie mense te gaan leer. Jesus volg hierdie redenasie van die Jode op met die stelling dat die mense wat hulle dors by Hom kom les deur die lewende water te drink, sal opsigself 'n bron van lewende water word nadat die Hy weggegaan het en nadat die Heilige Gees uitgestort is – en dit is juis hulle wat onder andere ook na die Jode in verstrooiing en die Grieke sou gaan om hulle te gaan leer, soos wat die Jode gedink het die Here Jesus self sou doen. Sien jy die ironie in die Jode se denke?

Wat ons hier van die Here Jesus leer, is dat Hy met Sy hemelvaart die Heilige Gees sou stuur om in Sy dissipels 'n bron van lewende water te word wat kan uitvloei na al die nasies.

7. <u>Nog opinies oor die Here Jesus (Joh 7:40-44)</u>

Steeds is dit nie die einde van die geredekawel oor wie die Here Jesus is nie. Lees vers 40. Sommige van die Jode het geredeneer dat die Here Jesus dalk dié Profeet kan wees. Natuurlik verwys hulle na daardie profesie deur Moses in Deut 18 waar die Here beloof het om aan hulle met verloop van tyd 'n Profeet te gee soos Moses. Sommige Jode was van mening die Here Jesus was daardie beloofde Profeet – en hulle was natuurlik reg – die Here Jesus is inderdaad daardie Profeet. Maar die Here Jesus is meer as daardie Profeet.

Lees vers 41a. Steeds was daar van die Jode wat geredeneer het die Here Jesus is die Christus. Natuurlik was hulle ook reg – die Here Jesus is inderdaad die Christus.

Maar daar was ook steeds Jode wat nie oortuig was Hy is die Christus nie. Lees vers 41b-42. Hulle het steeds daaraan vasgeklou dat Hy uit Galilea kom, en wat hulle aanbetref kom die beloofde Christus nie uit Galilea nie. Hulle redeneer Hy behoort uit Betlehem te kom, want Betlehem was die tuisdorp van Dawid, en boonop moet die Christus uit die nageslag van Dawid kom. Dit is tragies om die onkunde van hierdie mense raak te sien. Hulle was heeltemal reg dat die Messias uit Betlehem moes kom en ook uit die nageslag van Dawid moes kom. Die tragedie was dat hulle nie kennis geneem het dat beide hierdie vereistes waar was van die Here Jesus nie – Hy is in Betlehem gebore en Hy is uit die nageslag van Dawid.

Maar al was hulle onkundig, word ons deur hierdie verse daaraan herinner daaraan dat beide waar was van die Here Jesus. En veral die feit dat die Here Jesus uit die nageslag van Dawid is, herinner ons aan nog 'n belangrike aspek van die Here Jesus se werk: Hy is nie net die Christus deurdat Hy die Gesalfde Hoëpriester is wat met Sy enige en volmaakte offer versoening vir al die gelowiges se sondes sal bewerk nie. Hy is ook die Gesalfde Koning uit die nageslag van Dawid wat al God se vyande sal oorwin, en wat wanneer Hy binnekort weggaan, hemel toe sal gaan om daar aan die

regterhand van die Vader te gaan sit as die Een aan wie al die mag gegee is. As die Christus is Hy beide die ware Hoëpriester en ook die Opperkoning.

8. <u>Die tempelwag kan nie die Here Jesus arresteer nie (Joh 7:45-49)</u>

Lees verse 45-49. Hier lees ons van die tempelwag wat terugkeer na die leierpriesters en die Fariseërs om terug te rapporteer. Hulle moet egter rapporteer dat hulle nie die Here Jesus gearresteer het nie. Natuurlik is die Joodse leiers ontsteld, en hulle wil weet hoekom dan nie. Die tempelwag rapporteer: "Nog nooit het 'n mens so gepraat nie." Duidelik was die tempelwag onder die indruk van die gesag waarmee die Here Jesus geleer het – soortgelyk aan sommige van die Jode wat verwonderd was oor die gesag waarmee Hy geleer het. Maar let nou weereens op die ironie van hierdie situasie: Sommige van die Jode wou Hom gearresteer het – maar hulle kon nie. Die Joodse leiers het toe as leiers besluit om Hom te arresteer. Hulle was van mening hulle kan dit makliker doen as die lede van die volk – immers is hulle die leiers in 'n posisie van gesag. Boonop het hulle die tempelwag – mense onder hulle gesag wat juis vir take soos hierdie daar is. Hulle het dus die gesag aan hierdie tempelwag gegee om Hom te gaan gevange neem. Maar nou kom die tempelwag sonder die Here Jesus terug, en al waarvan hulle kan getuig is die gesag waarmee die Here Jesus leer. In effek erken hulle die Here Jesus het meer gesag as hulle en hulle leiers. Natuurlik is ons nie verbaas nie – ons is sopas herinner daaraan dat die Here Jesus ook die Opperkoning is.

En wat kan die Joodse leiers doen? Hulle kan maar net die tempelwag verkleineer deur te suggereer hulle is netso onkundig as die lede van die volk. Immers kan hulle tog sien dat die nie een van die leierpriesters of Fariseërs die Here Jesus se gesag erken nie. Hoekom is die tempelwag dan nie onderdanig aan hulle nie? Die feit van die saak is: die tempelwag het ervaar die Here Jesus het meer gesag.

9. <u>Nikodemus draai ook teen die Joodse leiers (Joh 7:50-52)</u>

Lees verse 50-52. Sopas het die Joodse leiers die tempelwag beskuldig dat hulle tog kan sien dat nie een van die Fariseërs of leierpriesters in die Here Jesus glo nie, of Nikodemus gooi koue water oor hulle argument. In Joh 3 het Nikodemus in die donker van die nag na die Here Jesus toe gekom, maar ons moet aflei sedertdien moes Nikodemus baie geworstel het oor waar hy persoonlik staan teenoor die Here Jesus. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat hy bereid is om standpunt in te neem ten gunste van die Here Jesus en teen die res van die Joodse leiers. Hy dring aan daarop dat die Here Jesus ten minste geregtig is op 'n regverdige verhoor voordat Hy veroordeel mag word. Basies redeneer Nikodemus soos die Here Jesus – die Joodse leiers is nie getrou aan die wet van Moses nie. Steeds moet die leiers leer: hulle is nie in beheer nie. Nie net draai van die lede van die volk teen hulle nie, nie net is hulle eie tempelwag ook nie bereid om hulle opdragte uit te voer nie, nee, nou is daar selfs een van die Fariseërs uit hulle eie kring wat teen hulle draai. Hulle moet leer dit is nie hulle wat die gesag het nie – die Here Jesus en die Vader het meer gesag as hulle. Die Vader en die Seun is op koers om hulle plan uit te voer. En alhoewel die leiers instrumente is wat die Here gaan gebruik om Sy plan uit te voer, is hulle nie in beheer nie, en hulle gaan definitief nie hulle doelwit bereik nie.

<u>Opsomming</u>

Onthou Johannes se doel met die evangelie wat hy geskryf het: Sy doel is om ons te oortuig dat die Here Jesus die Christus is, dat Hy die Seun van God is, en dat ons deur in Hom te glo die ewige lewe kan hê. Ek hoop dit is duidelik hoe hierdie gedeelte hierdie doel ondersteun. Let op hoeveel ons van die Here Jesus leer in hierdie paar verse:

> Ons leer die Here Jesus is die Christus. Nie net is Hy die ware Hoëpriester nie, Hy is ook die Opperkoning aan wie alle gesag behoort. Hy het van die Vader gekom met 'n opdrag van die Vader. Hy ken die Vader en is gehoorsaam aan die opdragte van Sy Vader. Hy is nie maar net 'n mens en Maria se seun nie – nee, Hy is God se Seun, Hy is self God. Hy sal die opdragte van Sy Vader uitvoer op die deur-God-bepaalde-uur. En daarna sal Hy na Sy Vader terugkeer in die hemel. Daar sal Hy onaantasbaar wees vir Sy vyande – enersyds omdat Hy hulle oorwin het, andersyds omdat Hy dan alle mag sal besit. Dan sal Hy ook Sy Heilige Gees stuur, wat in gelowiges die ewige lewe sal bewerk, en wat ook deur gelowiges die evangelie tot aan die einde van die aarde sal verkondig. Hy sal dit alles suksesvol bereik.

Ek hoop ook dit is duidelik dat die Here God absoluut in beheer is van hoe die Here Jesus Sy werk gaan uitvoer. Dit gaan plaasvind in die loop van wêreldgebeure:

- As die wêreld Hom wil arresteer, laat die Here dit eers toe op Sy bestemde uur.
- As die leiers die tempelwag stuur om Hom te arresteer, bring die Here die tempelwag onder die indruk van die Here Jesus se gesag
- As die leiers hulle beroep op die eenheid in hulle eie geledere, trek die Here Nikodemus na Hom toe
- As hulle die Here Jesus wel arresteer, word dit die oomblik wat Hy Sy werk as Christus hier op aarde voltooi.
- As hulle dink hulle kan Hom doodmaak, staan Hy op en vaar op hemel toe – en is buite hulle bereik. Boonop het Hy dan alle gesag.
- As hulle dink hulle is dan van Hom ontslae, stuur Hy Sy Heilige Gees en werk deur gelowiges om Sy koninkryk wêreldwyd te bou

Voorwaar die Here Jesus is die Christus – Hy is deur God gesalf as die ware Hoëpriester en ook as die Opperkoning. Boonop is Hy die Seun van God. Glo in Hom, en dit sal 'n fontein wees wat in jou opborrel, en boonop word jy 'n bron van lewende water wat uit jou uitvloei na ander mense toe.